

Skriflesing Matteus 16:21-25:

“²¹Van toe af het Jesus dit vir sy dissipels duidelik begin stel dat Hy Jerusalem toe moet gaan en baie moet ly onder die familiehoofde, die priesterhoofde en die skrifgeleerdes, en dat Hy doodgemaak moet word, en die derde dag uit die dood opgewek moet word.²²Petrus het Hom toe opsy geneem en Hom begin berispe: “Mag God dit verhoed, Here! Dit sal beslis nie met U gebeur nie.”²³Maar Jesus het na Petrus toe gedraai en vir hom gesê: “Moenie in my pad staan nie, Satan! Jy is vir My ’n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê.”²⁴Toe sê Jesus vir sy dissipels: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg,²⁵want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry.”

Matteus 17:22-23:

“²²Toe die dissipels weer in Galilea bymekaar was, het Jesus vir hulle gesê: “Die Seun van die mens gaan oorgelewer word in die hande van mense,²³en hulle sal Hom doodmaak, en op die derde dag sal Hy uit die dood opgewek word.” Hieroor het hulle baie bedroef geword.”

Matteus 26:31-35 & 69-75:

“³¹Toe sê Jesus vir hulle: “Julle almal sal My vannag nog in die steek laat. Daar staan immers geskrywe: ‘Ek sal die herder doodmaak, en die skape van sy kudde sal uitmekaar gejaag word.’³²Maar nadat Ek uit die dood opgewek is, sal Ek julle vooruitgaan na Galilea toe.”³³Daarop het Petrus vir Hom gesê: “Al sal hulle U ook almal in die steek laat, ék sal U nooit in die steek laat nie.”³⁴Toe sê Jesus vir hom: “Dit verseker Ek jou: Vannag nog, voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën.”³⁵Petrus sê vir Hom: “Al moet ek saam met U sterwe, ek sal U beslis nie verloën nie!” Al die ander dissipels het ook so gesê.

⁶⁹Petrus het buite in die binnehof gesit toe ’n diensmeisie na hom toe kom en sê: “Jy was ook saam met Jesus die Galileër.”⁷⁰Maar hy het dit voor almal ontken: “Ek weet nie waarvan jy praat nie.”⁷¹Hy gaan toe na die uitgang van die binnehof. Daar sien ’n ander diensmeisie hom en sê vir dié wat daar staan: “Hierdie man was saam met Jesus van Nasaret.”⁷²Weer het Petrus dit ontken en met ’n eed gesê: “Ek ken die man nie!”⁷³’n Rukkie later kom die manne wat daar staan, na Petrus toe en sê: “Dit is waar, jy is ook een van hulle. ’n Mens kan dit aan jou spraak hoor.”⁷⁴Toe begin hy vloek, en hy sweer: “Ek ken die man nie!”⁷⁵En op daardie oomblik het daar ’n haan gekraai. Toe val dit Petrus by wat Jesus gesê het: “Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën.” En hy het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.”

Matteus 27: 45-46:

“⁴⁵Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur.⁴⁶Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: “Eli, Eli, lemá sabagtani?” Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?”

Skriflesing: Matteus 16,17,26 en 27

Die Here doen sy verlossingswerk alleen

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen die ware en valse bekering deur te wys dat Petrus se teleurstelling dat Jesus nie die Messias is wat hy Jesus wou gehad het nie, is nie 'n voorbeeld van hoe ons moet bekeer nie. Dit wys ook dat hierdie valse bekering is die bekering waarmee die # Imagine beweging die kerk se kinders wil bekeer.

Teks: Matteus 16: ²³*Maar Jesus het na Petrus toe gedraai en vir hom gesê: “Moenie in my pad staan nie, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê.”*

Tema: Die Here doen sy verlossingswerk alleen

1. Kom ons kyk vandag na die godsdienstige bekering waarmee mense die Here se kruisiging en opstanding verloën.

Die kinders – julle weet mos daar is twee maniere van hartseer wees: die een is gewoonlik waar jy verskriklik huil en die ander een is gewoonlik waar jy skaam is oor wat jy verkeerd gedoen het.

Dink bietjie terug aan die laaste keer wat jy jou hart uitgehuil het en gevoel het jy is die ongelukkigste mens op aarde!

Waaroor was dit?

Daardie hartseer waar jy jou hart uithuil, is gewoonlik wanneer jy iets baie graag wil hê of iets baie graag wil doen, en dan kom Pappa of Mamma en hulle keer dat jy dit kry of doen.

Hoekom huil jy so hartstogtelik en voel jy is die ongelukkigste mens in die hele wêreld?

Omdat jy nie jou wens kan kry en nie kan doen wat jy graag wil nie!

Dit breek jou sommer heeltemal as Pappa of Mamma jou wens so van jou wegvat.

2. Dink nou weer aan daardie manier waarop jy jou hart uitgehuil het! Het jy al ooit jou hart so uitgehuil as jy agtergekom het jy het nie gedoen wat jou pa of ma vir jou gesê het om te doen nie?

Wanneer mens iets verkeerd doen, dan huil 'n mens nie so hartstogtelik nie. Dan is 'n mens gewoonlik skaam en wil jy jou pa en ma gaan vertel wat jy verkeerd gedoen het omdat jy lief is vir hulle en glo hulle het jou ook lief.

En daar is net een rede hoekom jy wél verskriklik sal huil wanneer jy vir hulle gaan vertel wat jy verkeerd gedoen het: en dit is as jy glo hulle het jou nie lief nie en hulle gaan jou verskriklik seermaak as jy skaam en in liefde vertel wat jy verkeerd gedoen het.

Die Here doen sy verlossingswerk alleen

Dink jy jy sal ooit so huil soos wanneer jy huil as jy nie jou wens kry nie, wanneer jy skaam vir jou ouers vertel wat jy verkeerd gedoen het en jy weet wanneer jy dit vir hulle vertel, gaan hulle jou nooit seermaak nie?

Dit is heeltemal onmoontlik om op dieselfde manier hartseer te wees wanneer jy nie jou wens kry nie, as wanneer jy skaam is oor iets wat jy verkeerd gedoen het.

3. Hier is 'n groot oom in die Bybel, Petrus, en in ons taal is hy 'n dominee. Hier vertel die Bybel ons dat hierdie dominee sy hart uitgehuil het. Dit is wat die woorde beteken: bitterlik geweën. Hy het sy hart sommer daar op straat uitgehuil.

Hoekom sal so 'n groot dominee sy hart só uithuil?

Kom ons kyk wat wys die Bybel ons oor hoekom hierdie dominee sy hart so uithuil!

4. Die rede vir hierdie bitterlike gehuil kry ons al in Matteus 16. Vir die eerste keer in amper drie jaar wat Jesus en sy dissipels saamgeleef het, vertel die Here hulle die groot geheim van wat Hy vir hulle sonde moet doen.

Hy moet na Jerusalem toe gaan, vir hulle sonde ly, vir hulle sonde gekruisig word en vir hulle sonde doodgaan, en dan sal Hy op die derde dag weer opstaan uit die dood sodat Hy hulle kan laat deel in alles wat Hy vir hulle sonde gedoen het.

5. Kyk wat doen hierdie dominee Petrus! Hy vat die Here eenkant toe en raas met Hom. Petrus raas met die Here! Dit is wat die woord "berispe" beteken. Hy sê vir die Here God sal keer dat Hy nie aan die kruis vir ons sonde sterf nie en God sal hom nooit uit die dood laat opstaan nie. Hy moet hierdie simpel idees uit sy kop kry, want dit is nie wat God wil hê Jesus moet doen nie.

Petrus dink hy weet dat God 'n ander plan met Jesus se lewe het.

6. Die Here het drie keer vir hulle vertel wat God se plan met Jesus was: God se plan was dat Hy moet ly, gekruisig word en sterf vir mense se sonde, en dan sal God Hom weer as mens uit die dood laat opstaan sodat alle mense kan deel kry aan wat Jesus vir hulle gedoen het (Matteus 20:20-28).

Elke keer as die Here sê dit móét met Hom gebeur, dan beteken dit dit moet só gebeur, want dit is hoe God self dit wil hê. Dit is hoe God self sy eie plan met Jesus gaan waarmaak.

7. Wat was Petrus en die ander dissipels se wense en drome wat hulle wou hê Jesus moet vir hulle waarmaak?

Dit is baie maklik om dit te weet. Net na Jesus die derde keer vertel het van God se plan, kom twee van die dissipels se ma en sê sy wil vir Jesus iets vra. Dit is net soos julle kinders maak wanneer julle te bang is om self iets te vra.

Sy vra toe of wanneer Jesus in Jerusalem Koning gaan word, haar twee seuns langs Hom, die Koning, kan sit.

Die Here doen sy verlossingswerk alleen

Dit was 'n baie slim plan, het hulle gedink, want wanneer Jesus dan eendag doodgaan, dan sal hulle die nuwe konings in Jesus se plek word – en dan word al hulle planne en drome waar.

Hulle het niks van die Here se woord aanvaar dat Jesus self uit die dood sal opstaan en self saam met hulle sal wees vir altyd nie (Matteus 28:20). Hulle het elkeen hulle eie planne, drome en wense gehad en elkeen het verwag dat wanneer die Here Koning is in Jerusalem, Hy hulle wense en drome gaan waarmaak.

Dit gebeur baie keer met kinders. Pa sê hy moet dorp toe gaan om goed vir die huis of plaas te kry, sodat hy vir julle kan sorg. Julle sê julle wil saamry, want julle dink dat wanneer julle in die dorp kom, julle al julle eie planne en drome oor wat julle in die dorp wil hê, sal waarmaak. Julle ry saam om julle eie drome en wense waar te maak, maak nie saak hoeveel keer Pa sê hy gaan niks anders doen as om goed vir die plaas en huis te kry nie.

8. Dit is wat hierdie moeilike woord “verloën” wat die Here hier gebruik, beteken. Verloën beteken jy stap nie saam met die Here en glo wat Hy doen nie, jy stap saam met die Here sodat Hy jou wense en drome moet waarmaak.

Dit is wat jy met jou pa doen wanneer jy sê jy wil saam met hom ry wanneer hy diesels en kos gaan haal om vir julle te kan sorg – jy verloën jou pa. Jy maak asof hy dorp toe gaan om jou wense van wat jy alles in die dorp wil hê, waar te gaan maak, en daarom ry jy saam!

Verloën beteken jy maak jou eie plan met die plan wat God het met die Here, om vir jou sondes te ly, gekruisig te word, te sterf en dan uit die dood weer lewend as mens op te staan om alles met jou te deel, sodat Hy jou wense en drome moet waarmaak! Net soos jou pa al die kos wat hy gaan koop het in die dorp self met julle deel, maar jy besluit jy ry saam sodat hy al jou drome en wense vir jou kan waarmaak.

Kan julle sien hoekom gaan hierdie dominee Petrus so bitterlik in Jerusalem aan die huil en hoekom al die ander dominees saam met hom verskriklik ongelukkig is?

Hulle gaan nie saam om die Here te help met sy plan nie, hulle gaan saam om hulle drome en wense waar te kry!

Wat gaan met jou gebeur wanneer jy saam met jou pa ry en hy doen net wat hy gesê het – hy maak nie jou wense in die dorp waar nie? Gaan jy skaam wees omdat jy verkeerd na jou pa geluister het, of gaan jy een van daardie huilbuie kry waarin jy jou hart so lekker uithuil?

Wat dink jy gaan met hierdie dominee gebeur?

9. Maar die Here het vir hulle nog 'n ander baie moeilike ding vertel.

Hy het dit vir hulle met hierdie spreuk vertel: die Herder gaan geslaan word en die skape gaan verstrooi word.

Die Here doen sy verlossingswerk alleen

Jesus is die Herder wat geslaan gaan word. Die dissipels is die skape wat verstrooi gaan word. Die Een wat die Here Jesus gaan slaan en sy dissipels gaan verstrooi, is God die Vader. God die Vader gaan sy Seun met een verskriklike hou slaan.

Wat die Here hier aankondig, is dat die dissipels nie saam met Hom kan gaan of saam met Hom kan doen wat Hy in Jerusalem gaan doen nie. Wanneer die Vader sy Seun met hierdie hou slaan, sal hulle Hom ook nie kan help nie.

Dit wat Jesus gaan doen en wat met Hom gaan gebeur, wys die Here met die verklaring wat Hy maak aan die kruis: Hy moet Godverlate sterf. God gaan al die woede, toorn, grimmigheid en haat wat Hy vir ons as sondaars het, op Jesus laat kom en Hy alleen gaan hierdie Godsverduistering beleef. Dit is die hou van die Vader aan sy Seun.

God gaan nie een dissipel toelaat om vir Jesus te help, by Hom te staan, te glo in wat met Hom gebeur of Hom lief te hê nie. Dit is hoe die Here ons sondes moes regmaak – net Hy alleen – en God die Vader het dit gedoen. Dit was iets net tussen God die Vader en Jesus sy Seun. Niemand anders was toegelaat om daarin te deel nie.

10. Dit is soos wanneer Pa alleen werk toe moet gaan met sy kar en die klein kinders by die huis los. Jesus het vir hulle baie duidelik gesê Hy gaan nou alleen gekruisig word en sterf, en hulle kan met geen deel van hierdie proses saam met hom gaan nie. Hulle moet in Galilea vir hom gaan wag.

Dit is wat 'n pa vir klein kinders sê as hy werk toe gaan. Dit is heeltemal te gevaarlik vir kinders. Hulle mag nie en kan nie saam gaan nie. Al wil hulle. Hulle moet wag dat hy terugkom met alles wat hy by die werk verdien het en vir hulle gekoop het om vir hulle te sorg.

11. Wat sê Petrus vir die Here wanneer die Here vir hulle vertel dat Hy nou alleen en Godverlate gaan sterf en weer terugkom, en dat hulle net drie dae vir Hom moet wag?

Hy en al die ander dissipels vertel net hoe hulle saam sal gaan en alles vir die Here sal doen. Want hulle glo hulle kan alles saam met Hom gaan doen wat Hy nou moet gaan doen. Dit is wat hulle bedoel wanneer hulle sê: "Ons sal U nooit verlaat nie".

Wanneer jou pa vir die kleintjies sê hulle gaan by die huis bly, net hy gaan werk toe – los hy hulle omdat hy vir hulle kwaad is? Nee! Dis net hoe dit moet wees.

En wanneer die kleintjies sê, nee, hulle sál saam gaan en hulle sál saam met Pa gaan werk by sy werk, is dit regtig wat hulle wil gaan doen?

Dit is nooit so nie. Hulle is maar steeds net besig om te probeer saamgaan om so hulle wense en drome by hulle pa se werk te probeer waar kry. Dit is hoekom hulle al sulke beloftes maak wat hulle nooit sal kan hou nie.

12. Dit is hoekom die Here Jesus dan vir Petrus sê dat hy Hom in die nag waarin Hy vir hulle sondes gaan begin ly, drie keer na mekaar sal verloën.

Die Here doen sy verlossingswerk alleen

Dit moet ons goed verstaan. Dit gaan nie die eerste keer wees dat Petrus en die dissipels Jesus gaan verloën nie.

‘Verloën’ beteken hulle gaan saam om hulle eie drome en wense waar te kry. Vandat Jesus sy plan en werk aangekondig het, het hulle die Here verloën en nie hulleself verloën soos die Here vir hulle gewys het nie.

Jesus bedoel dat wanneer Petrus sien wat die Here gaan doen, dan gaan hy vir al die mense vertel dat Jesus nie die Een is wat sy wense en drome waarmaak nie. En omdat hy uiteindelik sien dat die Here nie die Een is wat sy wense gaan waarmaak nie, daarom sê hy vir almal hy gaan nie meer saam met die Here nie.

Wat gebeur as jy saam met jou pa dorp toe ry en hy niks van jou wense of drome waarmaak nie, maar net al die werk doen wat hy gesê het hy gaan doen?

Jy begin om hartstogtelik te huil. Sommer daar só op straat.

Hoekom?

Omdat jy jammer is dat jy met die verkeerde redes saamgery het, of omdat hy presies doen wat hy gesê het hy moet doen om vir jou te sorg?

Daardie hartstogtelik gehuil is omdat jy sien hy gaan nie jou drome en wense waarmaak nie. Hy gaan doen wat hy moet, nes hy gesê het hy gaan doen.

13. Hoekom verloën Petrus die Here so openlik voor mense en hoekom huil hy so bitterlik?

Omdat die Here doen wat Hy gesê het Hy gaan doen en Hy nie een van Petrus se drome gaan waarmaak nie.

Net soos wat kinders huil as hulle sien hulle plannetjies met hulle pa werk nie. Hy doen wat hy beplan het. Hulle huil nooit omdat hulle jammer is dat hulle Pa se plan wou misbruik nie. Hulle huil nog minder omdat hulle nou skielik Pa se plan aanvaar as goed en reg.

Net so min het Petrus gehuil omdat hy jammer was dat hy nie geglo het dat die Here vir sy sondes moes ly en uit die dood sou opstaan nie. Hieroor was hy glad nie jammer nie. Terwyl hy huil, het hy dit nog steeds nie geglo nie.

Hy was jammer omdat die Here nie sy wense en drome waargemaak het nie. Petrus het nie opgehou om die Here te verloën toe hy so gehuil het nie. Terwyl hy so huil en selfs nadat hy klaar gehuil het, het hy die Here nog aanhou verloën. Hy het nooit in God se plan met die Here geglo en daarom die Here, nadat hy so gehuil het, gaan bystaan, help en ondersteun, of Hom liefgehad vir wat die Hy besig was om te doen nie.

14. Hoe kan ons so iets sê?

Die Here doen sy verlossingswerk alleen

Dis maklik! Want God die Vader sou nooit so iets toegelaat het nie. Die Vader slaan sy Seun en laat niemand anders in hierdie gevaarlike situasie toe nie.

Jesus moet Godverlate sterf vir ons sonde. Dit beteken dat Hy alleen die oordeel en haat wat God vir ons sondes het, moes dra. Sodat die Here ons alleenlik daarin laat deel nadat Hy self weer uit die dood uit opgestaan het.

As Petrus skielik begin glo het in Jesus se kruisiging en opstanding toe hy so gehuil het, dan sou dit beteken dat, al het God Jesus verlaat, was daar darem een dominee wat tot bekering gekom het en in die Here geglo en Hom liefgehad het omdat Hy vir hom gaan sterf en uit die dood gaan opstaan.

Dan klink die evangelie so: God het Jesus verlaat, maar gelukkig het Petrus gehuil en tot bekering gekom en by die Here gestaan in geloof en liefde, sodat Hy nie so alleen hoef te wees toe God Hom verlaat het nie!

Daar kan nie so 'n tipe bekring of so 'n tipe evangelie wees nie. Met so 'n bekering sal jy die Here verloën.

15. Hoekom laat die Vader nie toe dat Petrus skielik hier tot bekering kom en in Jesus glo en Hom liefhet nie?

Want kinders word nie hier toegelaat nie!

Die kinders moet in Galilea gaan wag. Hulle het niks by die werk en met die werk van die Here en die Vader te doen nie. As die werk klaar is, bring Jesus alles wat Hy by die werk verdien het en gee vir die kinders alles wat hulle nodig het om God te dien en lief te hê. Na hierdie werk waar Hy alleen Godverlate sterf en alleen uit die dood opstaan, bring Hy vir ons die vergifnis en gawe van God se liefde om vir ons so te sorg dat ons nooit weer voor die Here skuldig sal wees vir enige sonde wat ons doen nie, nooit vir enige sondes gestraf sal word nie en elke liefdesdaad waarin ons God liefhet, God as volkome sal aanvaar, al is dit nooit soos wat God sê hoe ons Hom volkome moet liefhê nie.

16. Daarom kon Petrus en die dissipels eers ná die Here hulle ingesluit het in wat Hy klaar gedoen het, in Galilea ontvang wat Hy gee, glo in wat Hy moes gaan doen het en Hom vir die eerste keer liefhê vir wie Hy is en wat Hy vir hulle gedoen het.

Nie een van die dissipels het bitterlik gehuil toe die Here hulle in Galilea ontmoet het nie. Hulle almal het Hom aanbid.

Niemand van hulle kon hulle ook werklik bekeer voor die Here klaar sy werk gedoen het nie. Want eers toe die Here hulle ontmoet as opgestane Here en hulle alles wat Hy verdien het, skenk met die woorde: "Ek is al die dae by julle", bedoelende dat Hy hulle altyd deel sal laat wees van sy straf en oordeel, sy liefde en toewyding aan God, en Hy sal hulle altyd daarin laat deel – kon hulle tot bekering kom!

Eers na dit alles kon hulle glo dat die Here moes ly en uit die dood opstaan en dat dit God se enigste plan met die Here is. Vir die eerste keer kon hulle skaam wees dat hulle net saam wou gaan om die Here vir hulle wense en drome te kon misbruik.

Die Here doen sy verlossingswerk alleen

17. Wat is 'n bekering waarmee jy die Here verloën?

Dit is die tipe bekering wat jy kry wanneer jy, ten spyte van alles wat die Bybel vir ons wys hoekom Petrus gehuil het, nog steeds maak asof Petrus tot bekering gekom het toe hy so bitterlik gehuil het in die straat.

Hoe lyk so straatbekering?

Dit is wanneer mense vir jou vertel dat as jy so bitterlik huil en jammer is soos Petrus, sal God vir jou jammer voel en jou planne en drome wat jy vir die Here het, vir jou waarmaak.

Kinders, dit is net so goed jou ma sê vir jou: "Pappa is jammer hy het net sy werk in die dorp kom doen, maar omdat jy so huil en hartseer is, sal hy nou jou drome en planne wat jy vir die dorp gehad het, ook vir jou waarmaak".

Met so 'n bekering verloën jy die Here, want jy maak jou hartseer en gehuil omdat Hy net doen wat Hy beloof het: om vir jou sonde te sterf en jou deel van sy lewe te maak – iets wat jy vir jou drome en wense kan gebruik. As jy net regtig huil en jammer is dat Hy nie jou drome en wense waarmaak nie, dan is dit nou skielik jou groot bekering.

Met so 'n bekering verloën jy die Here, net soos Petrus met sy bitterlike gehuil aangehou het om die Here te verloën.

18. Ons kom heeltemal anders tot bekering. Omdat ons glo in die kruisiging en opstanding van die Here, ken ons God as die Here wat ons nooit straf vir ons sonde nie, ons nooit veroordeel nie, selfs nie wanneer ons iets verkeerds doen nie, en ons nooit verstoot wanneer ons Hom minag nie.

Omdat ons glo in die Here se kruisiging en opstanding, is ons skaam jammer sonder hierdie bitterlike gehuil. Ons is skaam jammer en sê dit vir die Here in wie ons glo dat Hy vir ons sondes gesterf het.

Niemand mag ooit doen wat Petrus gedoen het nie – om te huil omdat God nie sy drome en wense waargemaak het nie, terwyl hy net aangehou het om nie te glo in wat die Here regtig besig was om vir hom te doen met sy lyding en opstanding nie.

Met so huilerige bekering verloën ons die Here: aanvaar ons nooit God se plan nie, maar laat ons Jesus altyd die Here van ons drome en wense wees.

19. Hierdie bekering waarmee jy die Here verloën, is die bekering wat 'n groep NG dominees, saam met pastore en geestelike yweraars, besig is om vir ons kerk se jongmense te beplan onder die naam "#Imagine-movement."

Wat is hierdie ding: "#Imagine-movement". Imagine beteken wens, verbeeld en droom. Hierdie predikante en pastore wens en droom dat hulle 20 duisend kinders tussen 13 en 18 kan kry wat hulle grootmens wense, drome en verbeeldingsvlugte om weer belangrike en invloedryke magspersone in die land te word, waar te maak.

Die Here doen sy verlossingswerk alleen

Hoe kan predikante en pastore hierdie kinders bymekaarkry om na hulle te luister en hulle drome waar te maak?

Hulle hou 'n tipe Oppiekoppie-gospelfees en vertel vir die kinders hoe lekker hulle na gospelbands en gospelsangers gaan luister. Hoe lekker hulle gaan dans en kuier – en hoe God hulle drome en wense as kinders graag wil waarmaak by hierdie gospelfees.

Meer nog, hulle gaan vir hulle vertel dat dit God se droom is dat hulle as tieners die land gaan regkry. Dit wat nie een politieke party, ook nie die magtige mans van Angus Buchan óf die magtige vroue kon regkry nie.

Wat hulle nie vir hierdie kinders vertel nie, is dat al die predikante en pastore die Saterdagmiddag die kinders met hierdie tipe Petrusbekering, hierdie bekering waarmee jy die Here verloën, gaan bekeer.

Hulle gaan dit met die tieners doen sodat hulle die ooms se groot drome met die kinders en deur die kinders, kan waarmaak.

Hierdie Petrusbekering waarmee die tieners gaan bekeer word, is al amptelike aan vergaderinge van die NG Kerk voorgelê, maar op so wyse dat geen vergadering dit kan bespreek of verander nie.

Wat gebeur hier met ons kinders?

Kinders, dit is soos om op die sygaardjie te loop en hier kom 'n oom en sê jou pa wou nie gehad het jy moet saam met hom werk toe gaan nie, maar hy ken jou pa baie goed en al het hy jou by die huis gelos, kan jy maar in sy kar inklim as 'n vreemde oom, want dan sal hy jou dorp toe vat en vir jou gee wat jy wens en droom.

20. Om saam met geestelikes die Petrusbekering deur te gaan, is om so te bekeer dat jy die Here verloën: jy wil nie meer skaam bekeer in die liefde vir die Here in sy kruisiging en opstanding nie.

Jy wil bitterlik huil en dan moet God jou so jammer kry dat Hy vir jou jou drome en wense waarmaak.

Die god wat dit doen is 'n afgod: dit is die vreemde oom wat jou langs die pad oplaai en jou beloof dat hy jou nie soos jou pa by die huis sal los as hy gaan werk nie. Hy sal jou vat na jou drome en wense toe.

Dit is eintlik die regtig rede hoekom die dominee Petrus so bitterlik op straat gehuil het: hy wou vir mense die vreemde vaderfiguur wees wat Jesus so goed sou geken het, dat hy hulle sou help sodat God hulle drome waarmaak en sy drome deur hulle sou waar word. Petrus wou die leier van 'n imagine-beweging wees.

En toe los die Here hom en gaan doen sy werk as Here alleen.

Die Here doen sy verlossingswerk alleen

Die Here doen sy verlossingswerk alleen sodat ons Hom daarvoor kan glo en liefhê. Hy vat ons nie as medewerkers saam na sy werk toe nie.

U mag nooit so tipe bekering ervaar waar jy God met jou huilerige jammerheid die God van jou drome en wense maak nie.

Nog minder mag jy jou kinders aan hierdie vreemde predikante, pastore en geestelike yweraars uitlewer omdat jy nie meer raad het vir die sonde van jou eie tienerkinders nie en jy hulle die tieners van jou drome en wense wil laat word nie.

Met hierdie Petrusbekering wat vir hulle gereed gemaak is, sal hulle nie skielik minder tieners wees nie en nog minder die land verander. Hulle sal net tieners word wat die Here wat hulle in glo en liefhet, moet verloën vir die god van drome en wense!

“²³Maar Jesus het na Petrus toe gedraai en vir hom gesê: “Moenie in my pad staan nie, Satan! Jy is vir My ’n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê.””